# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

### Januarie 2024



# WÊRELDFOKUS 2024

***Mike Burnard***

***23-25 Februarie***

***Gerard Olivier***

***3 Maart***






Fotos: www.pixabay.com en Gerard Olivier



# ***Mike Burnard***

As jong sportstudent op universiteit het Mike in 1976 die Here as sy persoonlike Verlosser leer ken. Kort na sy bekering is hy aan sending bekendgestel met ‘n uitreik na die Olimpiese Spele in Montreal saam met *Youth with a Mission* (YWAM). Hierdie onmiddellike blootstelling aan sending het Mike geen ander keuse gelaat as om "dissipels te gaan maak" nie en hy het dadelik 'n dissipelskapskool in Hawaii bygewoon vir verdere opleiding.

In 1979 is Mike en Helen getroud en twee jaar later het hulle, met hul 4 maande oue dogter Elisha, Suid-Afrika verlaat om by die Anastasis, die Sendingskip van YWAM, in Griekeland aan te sluit.

Die impak van 'n gebroke wêreld sonder Jesus het hul lewens onomkeerbaar verander en hul reise om die wêreld het keer op keer hul roeping bevestig. Met hul terugkeer na Suid-Afrika, na die geboorte van hul tweede dogter Helga, in 1985, is Mike en Helen voorgestel aan die unieke bediening van Geopende Deure, die organisasie wat spesialiseer in die bediening van Christene in geslote lande. Hulle het geweet dit is waar die Here hulle geplaas het en het in 1987 by Geopende Deure aangesluit.

Vir die volgende 23 jaar het Mike en Helen die ongelooflike vreugde gehad om die Here te dien deur Sy Kerk in geslote en beperkte lande te dien. Hulle kon lande agter die Ystergordyn en die voormalige Oos-Europa bedien en het baie na Afrika, die Arabiese Wêreld, Asië, Suidoos-Asië en die Midde-Ooste gereis.

Mike het tot 2008 as nasionale direkteur vir Geopende Deure Suid-Afrika gedien voordat hy as visepresident van Geopende Deure Internasionaal aangestel is en vanaf die Verenigde Koninkryk se basis as hoof van 21 ontwikkelingsbasisse wêreldwyd gedien het.

Mike se ervarings het hom 'n dieper begrip gegee van hoe God soewerein besig is om die wêreld volgens Sy plan te vorm en hoe wêreld gebeure mense intrek na die Hemelse Koninkryk. Mike het *INcontext International* in 2010 gestig met die doel om die Kerk by te staan in: VERSTAAN globale gebeure binne 'n Koninkrykskonteks en AFWISSELENDE strategieë binne 'n kontemporêre konteks.

Deur die genade van God het die bediening uitgebrei na meer as 20 lande gedurende die eerste tien jaar, wat die Kerk in strategiese nasies regoor die wêreld dien en die Kerk in vryheid help om die seisoen van oes te identifiseer.

Mike het in 2020 as 'n analitiese strateeg deel van die dia-LOGOS span geword met die begeerte om sendinggesinde gelowiges, kerke en organisasies te help om die seisoen waarin ons leef te identifiseer en betrokke te raak op 'n dieper vlak van strategiese sendingbetrokkenheid.

Mike is ook die skrywer van die volgende boeke: *The 18 inch Principle, Dancing with Camels, Catcrackers, Capacity, Insalted, Anamorphic Christianity, The Tooth, Soupified, Consecrated* en *Underground.*

- Volg Mike op: [*The Third Way Blog*]() en [*https://dialogos.co.za/*](https://dialogos.co.za/)





# *2024 Makhua Bybelbediening*

Mag die Here se teenwoordigheid en seëninge vir jou/julle kosbaar wees in 2024!

In die vorige opdateer briefie het ek die volgende sin geskryf: *"Op Kersdag sal Makhuas uitreik na onbereikte Makhuas in verre Niassa en uit die Makhua Bybel preek in Makhua oor die Grootheid van Christus."* Wel as julle kyk na die foto's, sal julle ietsie visueel sien van daardie geleentheid. 'n Paar vrouens van Muapula gemeente het ook saam gaan sing en dans om die geleentheid meer spesiaal te maak. Prys die Here vir die paar gelowiges wat daar al is in oNakaahi.

In 2024 lê daar DV 'n hele paar dinge voor vir die Makhua Bybel-bediening. Ek beplan om oor so net oor twee maande Lichinga toe te gaan vir 'n week om saam met Domingos te werk aan die kursus en om die grondslag te lê vir opvolg materiaal sowel as opleidings materiaal vir leiers.

Die tweede groep studente van oor Niassa sal DV in Mei/Junie kom na Muapula vir die eerste deel van die opleiding met die tweede deel in Augustus/September. ***`n Mens kan NOOIT genoeg bid dat die Here self hierdie mense sal kies wat moet kom na Muapula vir opleiding hierdie jaar nie.*** Ons begeerte is dat die Here self hulle uit die hemel sal toerus met hierdie opleiding om terug te gaan na waar hulle bly en daar die ware Evangelie te leer en uit te leef.

Mettertyd sal ons meer stuur oor ander aktiwiteite, uitdagings en gebedsversoeke. Onthou intussen asb. om vir die Makhuas, die kerkie in Muapula en ook vir ons te bid.

In Sy diens
Gerard en Vanessa

Nuwe Testament Skrywers

Geniet die eerste episode in ons reeks...
SKRYWERS VAN DIE NUWE TESTAMENT
https://youtu.be/igBKXF2Gc4s?si=-W4_aK_HaJTcixC9

## Geseënd is die Vredemakers

by Suria Scholz | Jan 2, 2024 | The Proclamation Challenge



**Geseënd is die Vredemakers**

by **Suria Scholtz**

00:00

https://avividlife.co.za/geseend-is-die-vredemakers/

PSALMS 120

## *Sending en Dissipleskap Opleiding*

Indien jy geroepe voel om deel te wees van Ethnos se *Missions and Discipleship* opleiding, kontak ons gerus!

Ons is dankbaar vir wat God gedurende die laaste EMT gedoen het. En ons is opgewonde om te sien wat God in gedagte het vir hierdie jaar se EMT!

Coen en Suria
Ethnos Movement International





# *Hy kan berge versit!*

**~ 'Dries en Marlee Volschenk**

Vir ongeveer 'n maand het ons deur die Vrystaat, Oos-Kaap en Wes-Kaap gereis om CEF medewerkers, komiteelede en vrywillige werkers te ontmoet en besoek. Wat 'n wonderlike belewenis om sulke pragtige en getroue werkers te ontmoet. Mense wat die Here liefhet met hul hele hart, en wat 'n hart het om kinders vir Hom te wil wen. 'n Paar van die belewenisse was, dat ons kon tyd spandeer in Khayelitsha en hoender voete eet, familietyd deel rondom maaltye in Somerset-Wes, en 'n jong meisie leer ken wat ons Here weggeruk het van Sangoma (toordokter) word. Om deel te wees van 'n span wat in die Here vertrou, wat berge kan versit, is vir ons baie kosbaar!

Gedurende die laaste 2 maande het ons gesien hoe ons mense die uitdaging opneem en orals oor die land is 38 Kersfees Partytjie Klub Opleidings gegee. En sodoende berge versit in Sy Koninkryk. Ons was deel van die inisiatief en het opleiding in Potch, Bela Bela, Burgersfort en Wellington gedoen. Ongeveer 315 volwassenes is oor die land opgelei en het na hul eie gemeenskappe teruggegaan en die Evangelie met hul kinders gedeel.

Aan ongeveer **15 189 kinders** is die **Goeie Nuus** duidelik gebring en kon hulle verstaan hoekom Jesus gekom het en waarom ons Kersfees vier. Daar is by **247 Kersfees Partytjie Klubs** in buurte, kerke, skole, parke, plakkerskampe, op strande, in privaat wonings en woonstelle van Jesus en Sy koms vertel. **3 166 kinders het Jesus gekies as hul Verlosser.** Loof Jesus daarvoor! Hy versit voorwaar berge!











## ***Hy kan berge versit!*** - *vervolg*



**Loof die Here saam met ons vir:**

- Beskerming tydens al ons besoeke orals waar ons was, in ons pragtige land.
- Die baie, getroue medewerkers hier in SA.
- 'n Klein Ford Fiesta wat 'n ondersteunende gemeente vir Marlee en haar bediening voorsien het!
- Ben and Elize Kemp wat aangetree het as ons Opsigters by CEF se kampterrein in Vereeniging.
- Bekwame medewerkers soos Willie en Erika van Aswegen wat gehelp het met die opleiding in Potch.
- Marlee se ma het onlangs na Potchefstroom getrek om nader aan ons te bly. Wat 'n vreugde om te kan opmaak vir verlore tyd!
- Vir mense soos JY, wat deel van ons span uitmaak, sodat ons saam met CEF die doel kan bereik om Elke Kind, in Elke Nasie, Elke Dag met die Evangelie te bereik.



**Bid asb saam met ons:**

- Dat elke kind wat Jesus as Verlosser aanneem, geestelik sal groei.
- Bid vir Marlee se beplande Goeie Nuus Klubs en Skool Klubs, die regte skole en geleenthede.
- 'Dries gaan heelwat reis om medewerkers en nuwe areas te besoek. Bid vir nuwe werkers, beskerming op die pad en finansiële ondersteuning vir reiskostes.
- Bid vir ons kinders, Janrich, Michelle en Simeon.
- Bid asb saam vir meer gebedsondersteuners aangesien gebed die fondasie is van alles wat ons doen.

**cefrsa.coordinator@gmail.com** **driesmar3@gmail.com**